


Naam: \_\_\_\_\_

## Koronavirus of Covid-19: Speel oop kaarte

### WAT IS DIE KORONAVIRUS OF COVID-19?



Ek is **COVID-19**. Ek is 'n **nuwe** Koronavirus. Hier is 'n paar feite oor myself.

Koronavirusse is 'n groot familie van viruses wat siektes kan veroorsaak wat kan lei tot infeksie wat jou longe en asemhaling affekteer. Dit sluit in die gewone verkoue, griep en ernstige vorme van longontsteking. Die mees onlangse koronavirus wat ontdek is, veroorsaak die koronavirus siekte COVID-19 en dit was onbekend voor die uitbraak daarvan in Wuhan, China, in Desember 2019?

### SIMPTOME (tekens van infeksie)

Die simptome (die tekens wat wys dat 'n persoon geïnfekteer is met die virus) is baie dieselfde as die gewone verkoue of griep. Dit mag tekens toon soos koors, 'n moeë gevoel, hoes, lyfseer, geblokte neus (ook 'n toe-neus genoem), loop neus, seer keel of diarree ('n loopmaag).


#### Het jy geweet?

Meeste mense, ongeveer **8 uit elke 10**, herstel van die siekte sonder om baie siek te word of sonder spesiale behandeling.



### BESKERM & VOORKOM

Dit begin met jou **HANDE**. Wat is so spesiaal omtrent ons **HANDE**? **MEESTE** infeksies versprei deur jou hande en die hande van andermense.




Ek is **COVID-19** en ek hou baie van vuil hande. Vuil hande neem my na ander dele van jou liggaam.

Dit is hoekom skoon hande die maklikste en effektiëste manier is om te voorkom dat jy kieme en virusse kry wat jou kan siek maak.

**WAS** jou **HANDE** gereeld met seep en skoon water sodat jy nie so siek soos 'n hond word nie. Handewas met seep en lopende water is die beste manier om die verspreiding van kieme en virusse te voorkom. Was jou hande dikwels met seep en lopende water vir 20 sekondes.

### VAN HAND TOT HAND

Wanneer ons mekaar groet skud ons dikwels hand of ons omhels mekaar. Dit is tyd om 'n nuwe manier van groet te leer wat ons sal beskerm teen kieme en virusse. Dit word die 'elmoog groet' genoem..



waai



namaste  
Maak 'n ligte buiging en druk die hande teen mekaar




voet-skud

## HOES EN NIES

Wanneer ons hoës of nies word druppeltjies vanuit ons monde en neuse vrygestel in die lug - omtrent een meter rondom ons en dit is nie iets uit die duim suig nie. As jy hoës of nies, bedek jou neus en mond met 'n gebuigde elmboog of sneesdoekie (tissue). Onthou om die sneesdoekie weg te gooi na gebruik in 'n vuilnisbak met 'n deksel.

## EEN METER AFSTAND

Hou 'n afstand van ten minste een (1) meter tussen jou en enige ander hoësende of niesende persoon. Dit word ook genoem sosiale afstand



### VRAE

1. Waarvoor gaan die artikel? \_\_\_\_\_ (1)

2. Wat beteken die volgende idiomatiese uitdrukkings?

2.1. "speel oop kaarte" \_\_\_\_\_ (1)

2.2 "so siek soos 'n hond" \_\_\_\_\_ (1)

2.3 "iets uit die duim suig nie" \_\_\_\_\_ (1)

3. Wat is die Koronavirus of Covid-19?

\_\_\_\_\_ (2)

4. "Dit was **onbekend** voor die uitbraak daarvan in Wuhan."

Wat word bedoel met onbekend?

\_\_\_\_\_ (1)

5. Wat is die tekens van infeksie? Noem 8.

\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (4)

6. 'n Persoon wat die koronavirus het, se \_\_\_\_\_ en \_\_\_\_\_

word geaffekteer.

(2)

7. Wat moet jy doen om te voorkom dat jy die virus kry?

---

---

---

(4)

8. Wat word bedoel met 'sosiale afstand'? \_\_\_\_\_

---

(1)

9. Gee 'n antoniem vir 'siek'. \_\_\_\_\_

---

(1)

10. Gee 'n afkorting vir 'genoem'. \_\_\_\_\_

---

(1)

Totaal: (\_\_\_\_/20)

Beplan: Maak jou eie plakkaat om vir ander te vertel van die koronavirus.

Gebruik die inligting in die artikel.

